

**DEPARTEMENT LOGISTIEK  
UNIVERSITEIT STELLENBOSCH**

**NAGRAADSE INLIGTINGSTUK:  
LOGISTIEKE BESTUUR  
2020**

Tel: 021 808 2249

Faks: 021 808 3406

E-pos: [mmt@sun.ac.za](mailto:mmt@sun.ac.za)

Webtuiste: <http://www.sun.ac.za/logistiek>

## LOGISTIEKE BESTUUR NAGRAADSE MODULES

Anker programme:

HonsBCom (Logistieke Bestuur)

Program module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam
50407	778	120	HonsBCom (Logistieke Bestuur )

MCom (Logistieke Bestuur)

Program module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam
50407	899	180	MCom (Logistieke Bestuur) Doseer- en Tesisopsie

MCom (Logistieke Bestuur)

Program module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam
50407	879	180	MCom (Logistieke Bestuur) Voltesisopsie – 180 Krediete

MODULES VIR 2020				
Module nommer	Module	Kode	Dosent	Krediete
<b>Eerste Semester</b>				
11	Inleiding tot vooruitskatting [LB] [Verplig]	10911 723	Mnr H Freiboth	15
17	Padvervoerbestuur [VE]	59145 744	Mnr JA van Rensburg / Mnr M October	15
32	Voorsieningsbestuur (Uitgaande) [LB] [Verplig]	13078 714	Prof L Goedhals-Gerber	15
37	Pakhuisbedryfsbestuur [LB]	13472 741	Prof JJ Louw	15
44	Capita Selecta (Visuele VK Data Analise)	11571 771	Prof JJ Louw	15
<b>Tweede semester</b>				
9	Kliëntediens en Logistieke Koppelvlakbestuur [LB] [Verplig]	11485 722	Me A de Bod	15
25	Vooruitskatting [ON]	10933 753	Prof JH Nel	15
28	Voorsieningskettingstrategie Veranderingsbestuur en Regulering [LB]	11482 742	Prof J Havenga	15
31	Voorsieningsbestuur (Inkomend) [LB] [Verplig]	13077 714	Mnr A de Swardt	15
44	Capita Selecta (Visuele VK Data Analise)	11571 771	Prof JJ Louw	15
Voorvereistes: Module 11 of ON 3 is 'n slaagvoorvereiste vir Module 25		Navorsingswerkstuk <b>eerste en tweede semester:</b> Logistieke Bestuur HonsBCom 11047 773		30
		LB MCom 150 11238 884 (Die 150 krediete LB MCom program vereis modules van 30 krediete)	180 11238 828	

Ander keusemodules wat nie vanjaar aangebied word nie:

- Voorsieningskettingbestuur in 'n humanitêre konteks – Inleiding [LB]
- Geïntegreerde Voorsieningskettingbeplanning [LB]
- Verpakkingslogistieke Ontwikkeling [LB]
- Voorsieningsketting Prestasiebestuur en Tegnologie Ondersteuning [LB]

## **MODULE 9**

### **11485 722 KLIËNTEDIENS EN LOGISTIEKE KOPPELVLAKBESTUUR**

#### **Kursus doelwit**

Die uiteindelijke effek van logistiek en voorsieningsketting aktiwiteite / prosesse moet aan die geteikende kliënt se vereistes voldoen. Die bestuur van die koppelvlak tussen verkope en logistiek is van kardinale belang. Die balansering van die prestasie-verwante en koste-verwante doelwitte bly 'n uitdaging.

Kliëntediens is die bron van kliënte inligting. Dit bied ook die kliënt met intydse inligting oor skedulering en produk beskikbaarheid deur koppelvlakke met die maatskappy se produksie en verspreidingsbedrywighede. Kliëntediens is ook 'n proses vir die verskaffing van beduidende toegevoegde waardevoordele tot die voorsieningsketting op 'n koste-effektiewe manier.

#### **Kursus inhoud**

1. Inleiding tot kliëntediens en logistieke koppelvlakbestuur
2. Kliëntediensdimensies en meting
3. Rol van kliëntediens in aanvraagbestuur
4. Kliëntediensstrategie ontwikkeling
5. Kliëntediens prestasiebestuur
6. Kliëntediens en kliënteverhoudinge deur die waardeketting
7. Tru-logistieke of Verskafferontwikkeling

#### **Opmerkings**

1. Die module word gedurende die tweede semester aangebied.
  2. Die module tel 15 krediete.
  3. Die module word slegs residensieel aangebied.
  4. Module is verpligtend.
-

## **MODULE 11**

### **10911 723 INLEIDING TOT VOORUITSKATTING**

#### **Kursusdoelwit**

Die beplanning en beheer van logistieke aktiwiteite benodig akkurate numeriese beramings van:

- Toekomstige produk- en diensvolumes wat in die logistieke ketting hanteer moet word, en
- Toekomstige toestande wat 'n impak mag hê op logistieke aktiwiteite.

Sulke beramings berus in 'n groot mate op tydreekse, veral van ekonomiese data. Daar bestaan egter sekere algemene probleme in tydreeksdata waarvan 'n vooruitskatter kennis moet dra om sinvolle vooruitskattings moontlik te maak. In die module word daarna gestreef om studente vertrouwd te maak met die identifikasie van probleme en die gepaste optrede wanneer hierdie probleme voorkom. Vaardigheid word ook ontwikkel in die gebruik van rekenaarprogrammatuur om ontledings te doen en vooruitskattings te maak.

#### **Kursusinhoud**

1. Elementêre statistiek
2. Waarskynlikheidsleer
3. Basiese inferensiële statistiek
4. Die lineêre regressiemodel en die metode van kleinste kwadrate
5. Multikollineariteit
6. Heteroskedastisiteit
7. Outokorrelasie
8. Skyn- en gesloerde veranderlikes
9. Tydreeksanalise
10. Logistiekgerigte toepassings asook toepassings in Vervoereconomie

#### **Opmerkings**

1. Die module word gedurende die eerste semester aangebied.
  2. Die module tel 15 krediete.
  3. Die module is slegs aan residensiële studente beskikbaar.
  4. Die module is verplig vir almal wat die honneursprogram in Logistieke Bestuur en die honneursprogram in Vervoereconomie volg.
  5. Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Module 25 (Vooruitskating).
  6. Studente wat Operasionele Navorsing 3 geneem het mag nie hierdie module neem nie.
-

## **MODULE 17**

### **59145 744 PADVERVOERBESTUUR**

#### **Kursusdoelwit**

Die padvervoerbedryf is hoogs mededingend, en dit is belangrik dat die vervoeroperateur 'n deeglike agtergrond van die bestuursaspekte daarvan het. In hierdie module word 'n verskeidenheid onderwerpe behandel, relevant tot strategiese, taktiese en operasionele bestuur wat vir die suksesvolle funksionering van 'n padvervoeronderneming noodsaaklik is.

#### **Kursusinhoud**

1. Die rol van padvragvervoer in die logistieke ketting
2. Gedetailleerde voertuigkosteberekening en -beheer
3. Finansiële aspekte van voertuigaanskaffing, -bedryf en -vervanging
4. Kliëntediens en die bemaking van die vervoerprodukt
5. 'n Ontleding van huidige padvervoerwetgewing

#### **Opmerkings**

1. Die module word gedurende die eerste semester aangebied.
  2. Die module tel 15 krediete.
  3. Logistieke Bestuur 244 en/of Vervoereconomie 318 en 348 is 'n slaagvoorversieste module.
-

## **MODULE 25**

### **10933 853 VOORUITSKATTING**

#### **Kursusdoelwit**

Benewens die algemene probleme in tydreeksdata wat in Module 11 (Inleiding tot Vooruitskatting) gedek word, bestaan daar ook verskeie dieperliggende probleme met tydreeksdata wat meer gevorderde identifikaasietegnieke vereis om gepaste optrede te neem in die ontledings- en vooruitskattingsproses. Tydens hierdie module sal studente tegnieke aanleer om hierdie probleme te identifiseer en op te los.

#### **Kursusinhoud**

Die module bestaan uit drie afdelings:

##### **Deel I**

Hersiening van:

- Basiese inferensiële statistiek
- Lineêre regressiemodel en die metode van kleinste kwadrate
- Afwykings van basiese aannames
- Skyn- en sloeringsveranderlikes
- Toets- en evalueringkriteria

##### **Deel II**

Gevorderde vooruitskattingstegnieke

- Stasionariteit van tydreeks
- Bewegende gemiddeldes- en eksponensiële gladstrykingsmodelle
- ARIMA modelle
- Kort- en langtermynmodelle

##### **Deel III**

Toepassings van vooruitskatting

- Dataversameling en verwante probleme
- Enkel- en meerveranderlike funksies
- Modelling
- Aanbieding en interpretasie van modelresultate

#### **Opmerkings**

1. Die module word gedurende die tweede semester aangebied.
  2. Die module tel 15 krediete.
  3. Module 11 (Inleiding tot Vooruitskatting) of Operasionele Navorsing 3 is 'n slaagvoorvereiste vir hierdie module.
  4. Die module is slegs aan residensiële studente beskikbaar.
-

## MODULE 28

### 11482 742 VOORSIENINGSKETTINGSTRATEGIE VERANDERINGSSBESTUUR EN REGULERING

#### Kursus doelwit

'n Onderneming se strategie vorm die basis van 'n voorsieningskettingstrategie. Dit gee 'n aanduiding van hoe die voorsieningsketting opgestel en bedryf moet word ten einde te kompeteer op 'n nasionale/internasionale vlak, wat kapasiteit vroegtydig gevestig moet word (ook met inagneming van gesamentlike inisiatiewe in die industrie) en logistieke koste implikasies. Studente wat hierdie module volg sal die iteratiewe proses leer wat gevolg word in die formulering van 'n voorsieningskettingstrategie op 'n besigheidseenheid, korporatiewe en soms industriesektor/streeks vlak. Om suksesvol te wees in die toekoms, moet voorsieningsketting en besigheid strategieë (verkope, bemarking, en finansies)'n geïntegreerde ontwerp weerspieël. Die bereiking van volle belyning tussen 'n organisasie se strategiese doelwitte en sy voorsieningskettingstrategie bly egter steeds 'n groot uitdaging. Belyning met die ekonomiese, sosiale, tegniese en regulatoriese omgewing/vereistes word 'n al hoe groter uitdaging.

#### Kursus inhoud

1. Definieer en belyn voorsieningsketting planne met dié van die besigheidseenheid, korporatiewe en soms industriesektor/streeks;
2. Bestekopname van strategiese voorsieningskettinginisiatiewe;
3. Vestig die voorsieningsketting hulpbronvereistes;
4. Begroting en besigheidsake;
5. Hoe om 'n stelsel daar te stel vir die kommunikasie van idees en inkoop te kry van belanghebbendes op alle vlakke;
6. Meganismes vir die beoordeling van vordering en om belanghebbendes se verbintenis tot verandering te kry;
7. Besluitnemingsprosesse;
8. Geïntegreerde prestasie maatstawwe;
9. Gevorderdheidsmodelle wat kan help om geskik organisatoriese modelle te vestig.

#### Opmerkings

1. Die module word gedurende die tweede semester aangebied.
  2. Die module tel 15 krediete.
  3. Die module word slegs residensieel aangebied.
-

## **MODULE 31**

### **13077 714 VOORSIENINGSBESTUUR (INKOMEND)**

#### **Kursus doelwit**

Studente sal die vaktaal van hierdie vakgebied leer en toegerus word met die betrokke verkryging, voorsiening en voorraadbestuurspraktyke wat tipies van toepassing by die inkomende segmente van 'n produksie-organisasie se voorsieningketting (verkryging en vervaardiging). Hierdie module is ontwerp om die verkrygingsiklus binne die konteks van voorsieningskettingbestuur te verken vanaf die verkrygingstap tot die wegdoening van verbruikte goedere (en dienste). Die belangrikste fases van voorsieningsbestuur sal word gedek, m.a.w., definiëring van vereistes, verkryging, beprysing, ooreenkomsontwikkeling, en na-kontrak toekenning aktiwiteite, insluitende evalueringsprosesse. Studente sal ook ingelig word oor die koppelvlakke van verkrygingsbesluite met die ander belangrike korporatiewe funksies, insluitende bemarking, finansies, bedrywigheede, logistiek, en navorsing en ontwikkeling.

Die groot operasionele / uitvoering van prosesse van die inkomende ketting sal ook gedek word. Dit is gebaseer op 'n aantal bestaande voorsieningsketting konseptuele modelle wat beklemtoon dit as kern / funksionele vaardigheid gebiede.

Hierdie module dek die belangrikste operasionele/uitvoeringsprosesse van 'n voorsieningsketting (verkryging en vervaardiging). Dit is gebaseer op 'n aantal bestaande voorsieningsketting konseptuele modelle wat dit beklemtoon as kern / funksionele vaardigheidsgebiede.

Verkryging - Die prosesse wat verband hou met die bestelling, aflewering, ontvangs en oordrag van rou materiaal items, monteerstelle, produkte en/of dienste.

Vervaardiging - Die proses van waardetoevoeging tot produkte deur onder andere vermenging, skeiding, vorming, masjinerie, en/of chemiese prosesse.

#### **Kursus inhoud**

1. Voorsieningsbestuur: 'n organisatoriese wye aktiwiteit
2. Aankope beskrywings en spesifikasies
3. Plaaslike en globale aankope en handelsoorwegings;
4. Koste en prys analise (totale koste van eienaarskap)
5. Verkryging risiko-bestuurspraktyke
6. Onderhandeling, kontrak samestelling, regskwessies, en verskaffer bestuur
7. Produksie en voorraad beheer

#### **Opmerkings**

1. Die module word gedurende die tweede semester aangebied.
  2. Die module tel 15 krediete.
  3. Die module word slegs residensieel aangebied.
  4. Module is verpligtend.
-



## **MODULE 32**

### **13078 714 VOORSIENINGSBESTUUR (UITGAANDE)**

#### **Kursus doelwit**

Studente sal die vaktaal van hierdie vakgebied leer en toegerus word met die betrokke bestuurspraktyke wat tipies van toepassing by die uitgaande segmente van 'n organisasie se voorsieningsketting (aflewering en tru-logistiek). Die Aflewering-gedeelte van die module sal die hoofipes van die uitgaande voorsieningsketting opset verduidelik. Dit sal prosesintegrasie vereistes oorweeg en ideale prosesvloei verduidelik; besigheidsproses analise en vaartbelyning dek, sowel as proses- en kwaliteitsbeheer. Die Aflewering-gedeelte dek noodsaaklike elemente wat nodig is om opberging-, verpakking- en materiaalhantering-aktiwiteite te bestuur (fasiliteitsbestuur), sowel as produkaflewering te koördineer (vervoer diensverskaffers). 'n Oorsig van die gebruik van relevante dokumentasie om aflewering effektief te bestuur word voorsien. Kernaspekte van maritieme logistiek word ook gedek. In die Tru-logistiek gedeelte van die module word praktyke om die logistieke omgewingsimpak en afval te verminder beskou, en produk opbrengstebestuur en tru-logistiek praktyke word verduidelik.

#### **Kursus inhoud**

1. Distribusie kanale;
2. Die fisiese distribusie konsep ("uitgaande logistiek");
3. Kliëntediens;
4. Vervoer, opberging, materiaal hantering en verpakking funksie;
5. Distribusie kosteberekening en beheer;
6. Inligting en beheer;
7. Logistieke koördinasie en beheer;
8. Tru logistiek;
9. Volhoubaarheid.

#### **Opmerkings**

1. Die module word gedurende die eerste semester aangebied.
  2. Die module tel 15 krediete.
  3. Die module word slegs residensieel aangebied.
  4. Die module word in Engels aangebied.
-

## MODULE 37    CAPITA SELECTA

### 11571 714   PAKHUISBEDRYFSBESTUUR

#### Kursus doelwit

Die operasionele bestuur van pakhuis is normaalweg verantwoordelik vir die beheer en kontrolering van verspreiding en berging van voorraad vir 'n produksie-onderneming (of waar die funksie ook uitgekonnekteer is aan 'n logistieke diensverskaffer). Alhoewel student wat in logistiek en voorsieningskettingbestuur studeer heelwat fokus op die proses-integrasie beginsels en koste-ontleding, kan studente ook meer hul kennis in die verspreiding / vervoer-aktiwiteite uitbou (vergisting van funksionele uitnemendheid).

Studente sal blootgestel word aan die belangrikste aspekte van voorraadbeheer en materiaalhantering. Hulle kan hul kennis rakende die ontvangs en berging van materiaal verder ontwikkel in die lig van bydrae tot onderneming-winsgewendheid. Dosente sal ook die studente begelei deur die prosesse van materiaalverwerking, insluitend die uitsoek en versending van goedere. Gevallestudies en 'n fasiliteitbesoek(e) sal die leerproses aanvul. Studente sal ook blootstelling verkry aan die tegnologie en rekenaarstelsels gebruik vir operasionele bestuur tipies aangewend vir die handhawing van voorraad, skedulering, bedryf, monitering en beheer van bedrywighede, en vooruitskatting van die voorsiening. Aangesien pakhuisbedrywighede ook die bestuur van mense vereis in die uitvoering van 'n verskeidenheid van belangrike funksies, sal die konsepte en praktyke van behoorlike toesig en arbeidsverhoudinge ook gedek word. Pakhuise is vaste installasies wat voldoening aan spesifieke wetgewing vereis (wette en regulasies). 'n Oorsig van die toepaslike regulerende wetgewing sal ook gedek word (bv. "OSH act", Wet op Arbeidsverhoudinge).

#### Kursus inhoud

1. **Inkomende Pakhuisbedrywighede** wat verband hou met produk ontvangs, materiaalhantering, inspeksie en kwaliteitsbeheer, wegpak, stoor en aanvulling.
2. **Uitgaande Pakhuisbedrywighede** wat verband hou na die produk uitsoek, nagaan, verpakking, etikettering nakoming, oorsaak/"staging" en versending aan kliënte.
3. **Pakhuisbedrywigheid Ondersteuning** met betrekking tot voorraadbeheer, bestellingtoevoer, bestellingsverwerking en voorraadaanvulling, prestasiebestuur, outomatiese en ondersteunende pakhuisetegnologie (bv. staafkode skandering en radio frekwensie (RF) data kommunikasie, vir 'n papierlose verspreidingsomgewing).

#### Opmerkings

1. Die module word gedurende die eerste semester aangebied.
  2. Die module tel 15 krediete.
  3. Die module word slegs residensieel aangebied.
  4. Weens rekenaarlaboratoriumbeperkings kan slegs 'n beperkte aantal studente geakkommodeer word. Die klas sal tot 24 studente beperk word; Studente wat hierdie module wil volg, word hoofsaaklik op grond van hul akademiese prestasie gekeur en geselekteer (voorlopige keuring vind plaas gedurende die periode 29 Januarie 2020 - 12 Feb 2020; die klaslys word gefinaliseer teen 14 Feb 2020).
-

## MODULE 44

### 11571 771 CAPITA SELECTA (VISUELE VK DATA ANALISE)

#### Kursusdoelwit

Studente wat hierdie module volg, kan belangrike analitiese vaardighede ontwikkel vir die effektiewe visueel aanbieding en kommunikasie van voorsieningsketting (VK) verwante data. Studente sal bekendgestel word aan die gestruktureerde proses van "verkennde data-analise"; met 'n tyd-effektiewe progressie vanaf rou VK data na inligting tot insig. Hierdie module dek onder andere die verskillende maniere om aan 'n verskeidenheid tipes databronne te koppel, verkennde data analise en visualisering te doen, en die tersaaklike vrae te beantwoord. Die grondslag van data-visualiseringstegnieke en -beginsels, effektiewe data-ontledingstegnieke en visualisering beste praktyke sal gedek word. Alhoewel 'n oorsig van die huidige verkennde data-analise tegnologieë gedoen word, sal die module slegs fokus op die korrekte gebruik van een of twee van die prominente data visualisering sagteware pakkette.

#### Kursusinhoud

- Visualiseringsteorie, verwante begrippe, terminologie en verskillende visualiseringstipes.
- Die gestruktureerde "verkennde data-analise" -proses (bv. Data-insameling, voorafverwerking, definisie, strukturering, organisering, vereenvoudiging, skoonmaak, kodering, hiërargieë, formatering, toetsing, verkenning).
- Hantering van verskillende databronne (samevoeging, koppeling en werk met verwante data tabelle).
- Ontwikkel vaardighede op basiese en effens gevorderde kwantitatiewe en kwalitatiewe SC data-analise.
- Rekenaargesteunde, interaktiewe, visuele voorstelling van abstrakte data om menslike insig/begrip te versterk (sensitief vir die mens se "voor-bewustelike" visuele verwerking).
- Bou eenvoudige tot komplekse visualisasies en hoe om dit in interaktiewe vertoonborde te kombineer.
- Die vestiging van effektiewe storie bord(e) en die deel van visualisasies.

#### Opmerkings

1. Hierdie is 'n keusemodule in die Honneursprogram vir Logistieke Bestuur.
  2. Hierdie module word oor die eerste en tweede semester aangebied. Dit sal gedurende die 2de en 3de akademiese kwartaal aangebied word.
  3. Studente uit ander nagraadse programme, met toepaslike rekenaar-, analitiese vaardighede en ten minste 'n paar basiese logistiek- en VK Bestuur-inleidende modules, kan ook vir die module oorweeg word.
  4. Weens rekenaarlaboratoriumbeperkings kan slegs 'n beperkte aantal studente geakkommodeer word. Die klas sal tot 24 studente beperk word; Studente wat hierdie module wil volg, word hoofsaaklik op grond van hul akademiese prestasie gekeur en geselekteer (voorlopige keuring vind plaas gedurende die periode 29 Januarie 2020 - 12 Feb 2020; die klaslys word gefinaliseer teen 14 Feb 2020).
  5. Die module tel 15 krediete.
  6. Die module word slegs residensieel aangebied.
-